SEREMONIES

Doel

Om jou as Verkenner op te lei en toe te rus om seremonies flink en netjies te kan uitvoer en om jou leierseienskappe verder te ontwikkel.

Uitkoms

- Bied 'n inlywingseremonie in julle kommando aan
- Reël 'n funksie by julle kommando wat deur gassprekers toegespreek word

Doenwenke

- Ken die korrekte bevele vir die verskillende seremonies
- Maak seker dat jy die verskille tussen die seremonies ken

Slaggate

- As jy nie weet watter bevel waar inpas nie
- As jy nie die seremonie goed beplan nie
- As jy nie in fyn besonderhede beplan nie

INLEIDING
Die Voortrekkers is besig om jou op verskillende terreine op te lei en te ontwikkel en seremonies word gebruik om jou formele leierseienskappe en kreatiwiteit te ontwikkel.

Seremonies is hoofsaaklik daargestel om eer aan simbole te bewys. 'n Simbool is 'n sigbare voorstelling van geestelike kwaliteite wat vir ons van waarde is, byvoorbeeld, vaderlandsliefde, volkstrou en nasietrots. Ons verbind ons ook aan die doel, strewe en toekomsideale van dit wat die simbool voorstel.

Die Voortrekkers beoefen seremonies om die volgende redes:
- Samewerking te bewerkstellig
- Orde te handhaaf
- Gesagsaanvaarding 'n gewoonte te maak
- 'n Goeie beeld in die openbaar te skep
- Selfdissipline te beoefen en
- Bepaalde sentimente oor te dra

Seremonies is so geskryf dat daar heelwat ruimte gelaat is vir vindingrykheid. Slegs sekere basiese bewegings is gestandaardiseer en daarvan mag nie van afgewyk word nie.

Jy gaan aandag gee aan:

1. Basiese vereistes vir 'n seremonie
2. Vlaghysing
3. Vlagstryking
4. Presenteringseremonie
5. Verwyderingseremonie

Seremonies skep 'n atmosfeer wat die deelnemers en gehoor gevoelig en meer vatbaar maak vir die ideale van Die Voortrekkers. Dit kan dus dien as middel om die strewe en beginsels van Die Voortrekkers jou eie te maak.

Wanneer seremonies beplan word, moet die opsteller van die program in die moderne idioom dink en beplan. Sonder die verlede kan ons nie, maar die opdrag was immers, “Bou daarop voort” en NIE bly daar staan nie. 'n Kampvuur op die verhoog met rooi papier en 'n flits het lankal sy trefkrag verloor. 'n Ossewa en die Voortrekkerkappie is deel van ons mooi geskiedenis, maar dit maak die huidige geslag nie meer opgewonde nie. Dink dus nuut, oorspronklik en verstaanbaar. Maak gebruik van moderne tegnologie om die seremonie werklik trefkrag te gee.

Voortrekkers kan deur middel van seremonies bemark word op verskeie terreine, mits dit so aangebied word dat ander hulle daarmee kan identifiseer. Skep geleenthede in julle kommando. Dit gee geleenthede vir die kreatiewe Verkenner om hom uit te leef. Meeste seremonies vind in formele Voortrekkerdrag plaas en is dus 'n formele geleentheid.

WOORDOMSKRYWINGS

Seremonieleier (SL)
Die persoon in beheer van die seremonie en/of aangewys om die seremonie te behartig.

Seremonie-Adjudant (SA)
Persoon aangewys deur die SL en aangetree buite 'n blok deelnemers aan 'n seremonie wat help om probleme wat in die blok mag ontstaan, op te los en te help met die goeie orde tydens die seremonie. Die persoon moet hom gedurende die seremonie posisioneer dat hy die hele blok, waarvoor hy verantwoordelik is, onder oë kan hou. Wanneer hy optree in die blok om sy taak uit te voer, mag hy vrylik beweeg, maar so onopsigtelik en met die minste steuring moontlik.

Saluutoffisier (SO)
'n Persoon met die hoogste rang wat deelneem aan die seremonie en aangewys word deur die seremonieleier. Die persoon met die hoogste rang kan ook die seremonieleier versoek om eerder 'n ander persoon aan te wys om die saluut te neem.

Merker (M)
'n Persoon uit die geledere van die deelnemers met die hoogste rang. Die persoon tree een (1) meter voor die regterkant van die blok se spanleiers aan.

Spanleier (SpI)
Die persone wat gewoonlik heel regs van 'n span of gelid aantree, wanneer daar na die seremonieleier, offisier of vlae gekyk word. Die persoon is gewoonlik die een met die hoogste rang in die gelid. Wanneer twee (2) blokke aantree, kan die spanleiers van een (1) blok ook aan die linkerkant aantree sodat die twee (2) blokke se spanleiers naaste aan mekaar is.

Vlagparade (VP)
Die persone wat aangewys is om tydens 'n seremonie die vlae te hanteer.

'n Blok persone
'n Blok persone word gevorm deur 'n minimum van twaalf (12) en 'n maksimum van 100 lede.

Voortrekkers
Die aanspreekvorm van persone wat aan 'n seremonie deelneem. (Die spannaam kan ook gebruik word.)

Saluut
Die voorgeskrewe saluut soos beskryf in die reglement.

Geledere
'n Ry persone langs mekaar.

Kolom
'n Ry persone wat reg agter mekaar staan.

Seremoniële area
'n Geskikte terrein waar die seremonie plaasvind.

TOEPASLIKE BEWEGINGS

AANDAG	MARSJEER	LINKS- EN REGS RIG
OP DIE PLEK RUS	HALT	OË FRONT
STAAN IN RUS	LINKS OM	UITTREE
SALUUT	REGS OM	OMKEER

Julle het reeds al hierdie seremonies geleer en kan dit weer in die Reglemente vir Seremonies nageslaan word. As jy die bewegings flink en netjies doen, sal die seremonie netjies wees. Seremonies is formele geleenthede en moet ook so hanteer word tydens in-oefening.

BASIESE VEREISTES VIR 'N SEREMONIE

- Vir 'n suksesvolle seremonie moet al die rolspelers vooraf behoorlik oor elke stap ingelig word
- Hoe eenvoudiger die plegtigheid, hoe groter is die kans op sukses
- Beklemtoon die essensiële dinge in die seremonie
- Die voorbereiding moet deeglik wees, sodat elkeen presies weet wat van hom/haar verwag word
- Die bevele en drilbewegings moet tot die minimum beperk word en altyd netjies en flink uitgevoer word
- Die simboliek van die seremonie moet end uit deurgevoer word
- Die seremonie moet die ideale van die geleentheid waardig wees
- Kies die korrekte seremonieleier wat die volgende kan doen:
  1. Die persoon moet duidelik praat
  2. Hy moet in staat wees om 'n krisis te hanteer
  3. Hy moet die gehoor kan beheer
  4. Hy moet gesag kan afdwing wanneer hy optree

- Die seremonieleier is die spil waarom die hele seremonie draai
- Om verleentheid te spaar, kontroleer dat alle benodighede vir die seremonie gereed en beskikbaar is

VLAGSEREMONIES

As Verkenner gaan jy in hierdie afdeling aandag gee aan vlaghysing en vlagstrykingseremonies. Hierdie inligting is slegs 'n riglyn. Aanvaar die uitdaging om met elke geleentheid iets nuuts te doen.
'n Standaard vlagseremonie kan nog steeds gedoen word, maar daar moet ook na ander moontlikhede gekyk word. Kom ons kyk 'n bietjie na verskillende moontlike vlagseremonies. Daar is veranderlike en onveranderlike elemente by 'n seremonie:

VERANDERLIKES

- Tipe vlagpaal (Enkel regop paal, Dubbel regop paal, Drievlagpaal)
- Aantal vlagpale
- Posisie van die seremonieleier
- Posisie van die spanleier
- Posisie van die merker
- Saluut kan geneem word deur 'n persoon of deur al die deelnemers aan die seremonie
- Opstelling van die seremonie (blok persone, kolom, V-vorm, sirkelvorm, U-vorm, vierkantvorm)
- Aantal vlae
- Vlae kan of oop of toe gehys word
- Liedere of ander musiek wat gebruik word tydens die seremonie mag gesing, voorgedra of gespeel word.
- Bykomstighede met aanbieding (fakkel, musiek, vaandels en ander toepaslike toerusting)

Hierdie is maar net enkele voorbeelde van wat ons alles in 'n seremonie kan doen.

ONVERANDERLIKES

- 'n Seremonieleier (SL) moet optree
- Ten minste die Nasionale en die Voortrekkervlag moet gebruik word.
- Ten minste een vlagpaal moet gebruik word. Indien net een vlagpaal gebruik word, moet streng gelet word op die vlagprotokol.
- Tydens alle seremonies moet die saluut gebruik word. Dit kan as volg gebruik word:
  1. Saluutoffisier (SO) salueer alleen met die vlagseremonie.
  2. Die hele groep wat aanwesig is by die seremonie salueer met die vlagseremonie.
- Tydens die vlagseremonie (vlaghysing / vlagstryking) of met die ontplooiing van die vlae moet een van die volgende liedere gesing, voorgedra of gespeel word:
  1. Die Nasionale lied
  2. Die Vlaglied
  3. Die Stem - enige van die vier (4) strofes
- Voorgeskrewe bevele moet gegee word ooreenkomstig die reglement vir seremonies.

VOORAF REËLINGS VIR 'N VLAGHYSING - OF STRYKINGSEREMONIE

- Die aantal vlagpale wat benodig word moet aangebring word soos en waar nodig.
- Die pale moet sowat vyf (5) meter uit mekaar en ongeveer ses (6) tot tien (10) meter van die kant van die seremoniële area wees.
- 'n Vlagpaal moet minstens 25mm dik en drie (3) meter hoog wees met 'n katrol of ring aan die bopunt daarvan.
- 'n Hystou word aan elke vlagpaal aangebring. Hierdie tou moet so lank wees dat die twee punte ongeveer 50cm van die grond af is wanneer hulle los hang.
- Die seremonieleier wys vooraf die aantal lede aan wat die vlagseremonie moet waarneem.
- Die seremonieleier wys vooraf die persoon of groep aan wat die saluut moet neem. Dit is gewoonlik die persoon met die hoogste rang, tensy hy/sy 'n ander persoon/groep aanwys.
- Die seremonieleier inspekteer vooraf die vlae en die vlagtoue om te verseker dat alles in orde is.
- Die seremonieleier wys, waar toepaslik, 'n persoon aan om die godsdiens waar te neem.
- Indien daar gesing word, moet jy vooraf sê watter lied gesing gaan word.
- Die seremonieleier wys vooraf die persoon aan wat insit wanneer daar gesing word.

Voorbeeld van bevele by Vlaghysing

1. Voortrekkers, aandag
2. Merker/s
3. Links en regs rig - of soos van toepassing
4. Oë front
5. Op die plek rus
6. Vlagdraers, na die pale. Voorwaarts mars
7. Maak gereed om die vlae te hys
8. Voortrekkers, aandag
9. Hys die vlae
10. Ontplooi die vlae
11. Vlagdraers, omkeer
12. Voorwaarts mars
13. Voortrekkers, op die plek rus
14. Kom laat ons lees en bid
15. Voortrekkers, aandag
16. Uittree
17. Offisiere, uittree

Voorbeeld van bevele by Vlagstryking

1. Voortrekkers, aandag
2. Merker/s
3. Links en regs rig
4. Oë front
5. Op die plek rus
6. Vlagdraers, aandag
1. Vlagdraers, na die pale voorwaarts mars
2. Maak gereed om die vlae te stryk
3. Voortrekkers, aandag
4. Stryk die vlae
5. Voortrekkers, op die plek rus
6. Vlagdraers, omkeer
7. Voorwaarts mars
8. Voortrekkers, aandag
9. Voortrekkers, uittree
10. Offisiere, uittree

Bogenoemde is slegs riglyne. Al die bevele hoef nie noodwendig in dieselfde volgorde te wees nie, die basiese bevele moet gegee word na gelang van die seremonie sonder om afbreek aan die seremonie te doen.

By al die bogenoemde aksies moet alle deelnemers aan die seremonie netjies opgestel word. Daar moet ook gehoor gegee word aan die voorgeskrewe drilbewegings soos uiteengesit in die reglemente vir seremonies.

Netjiese, voorgeskrewe drilbewegings en duidelike, voorgeskrewe bevele moet te alle tye gegee word.

Vlagpresentering en verwyderingseremonies

VOORAF REËLINGS VIR 'N PRESENTERING - OF VERWYDERINGSEREMONIE

- Vlagpresentering / Vlag verwydering is 'n seremonie en moet plegtig en statig uitgevoer word. Dit is eerbetoon aan die vlae en kan binnens of buitenshuis uitgevoer word.
- Wanneer dit as deel van 'n funksie plaasvind, geskied die vlagpresentering voor die godsdiens en verwelkoming.
- Daar mag aanpassings gemaak word om by opset in die saal aan te pas
- Die vlae word aan stokke van ongeveer 3 meter vasgemaak en om die stokke opgerol. Die vlae word onmiddellik voor die aanvang van die seremonie oopgerol.
- Indien die funksie meebring dat daar gaste op die verhoog moet wees, neem hulle plaas nadat die seremonie afgehandel is.
- Die stoele in die saal behoort so gerangskik te word dat voorsiening vir die vlagdraers gemaak word. Indien daar net een paadjie is en die paadjie is te smal vir die vlagparade om langs mekaar te stap, stap die landsvlagdraer met sy begeleier voor die Voortrekkervlagdraer met sy begeleier.
- Skriflesing en gebed vind plaas nadat die vlagpresentering afgehandel is.

Daar is veranderlike en onveranderlike dele by 'n seremonie:

VERANDERLIKES

- Tipe vlagstaander (enkelstaander, dubbelstaander)
- Posisie van die seremonieleier
- Posisie van die saluutoffisier
- Posisie van die merker
- Saluut kan geneem word deur 'n persoon of deur al die deelnemers aan die seremonie
- Opstelling van die seremonie blok persone, kolom
- Opstelling van die seremonie V-vorm, sirkelvorm, U-vorm, vierkantvorm
- Aantal vlae
- Musiek wat gebruik word tydens die seremonie mag gesing, voorgedra of gespeel word
- Bykomstighede met aanbieding (byvoorbeeld fakkel, musiek, vaandels)

Hierdie is maar net enkele voorbeelde van wat ons alles met 'n seremonie kan doen.

ONVERANDERLIKES

- 'n Seremonieleier (SL) moet optree
- Ten minste die Nasionale- en die Voortrekkervlag moet gebruik word
- Ten minste een vlagpaal moet gebruik word. Indien net een vlagpaal gebruik word moet streng gelet word op die vlagprotokol
- Tydens alle seremonies moet die saluut geneem word. Dit kan as volg gebruik word:
  1. Saluutoffisier (SO) salueer alleen met die vlagseremonie
  2. Die hele groep aanwesig by die seremonie salueer met die vlagseremonie
- Tydens die vlagseremonie (vlagpresentering / vlagverwydering) moet een van die volgende liedere gesing, voorgedra of gespeel word:
  1. Die Nasionale lied
  2. Die Vlaglied
  3. Die Stem - enige van die vier (4) strofes
- Voorgeskrewe bevele moet gegee word ooreenkomstig die reglement soos uiteengesit vir seremonies
- Vlae moet oop wees wanneer dit gepresenteer of verwyder word

Voorbeeld van bevele by Vlagpresentasie

1. Vlagseremonie, aantree
2. Voortrekkers, aandag
3. Die gehoor word versoek om op die volgende bevel op aandag te kom en op aandag te bly vir die volle duur van die seremonie en die eerste strofe van Die Stem saam te sing wanneer die vlae gepresenteer word.

4. Vlagdraers, voorwaarts mars
5. Vlagdraers, links en regs om
6. Voorwaarts mars
7. Plant die vlae
8. Vlagdraers, omkeer
9. Sluit aan by die res van die Voortrekkers, omkeer
10. Voorwaarts mars
11. Voortrekkers, op die plek rus
12. Uittree

Voorbeeld van bevele by Vlagverwydering

1. Vlagseremonie, aantree
2. Voortrekkers, aandag
3. Die gehoor word versoek om op die volgende bevel op aandag te kom en op aandag te bly vir die volle duur van die seremonie en die eerste strofe van Die Stem saam te sing wanneer die vlae vertoon word
4. Vlagdraers, voorwaarts mars
5. Vlagdraers, omkeer
6. Vertoon die vlae
7. Vlagdraers, versorg die vlae, voorwaarts mars
8. Voortrekkers, op die plek rus
9. Uittree

Bogenoemde is slegs riglyne. Al die bevele hoef nie noodwendig in dieselfde volgorde te wees nie. Die basiese bevele moet gegee word na gelang van die seremonie sonder om afbreek aan die seremonie te doen.

By al die bogenoemde aksies moet alle deelnemers aan die seremonie netjies opgestel word. Daar moet ook gehoor gegee word aan die voorgeskrewe drilbewegings soos uiteengesit in die reglemente vir seremonies.

Netjiese, voorgeskrewe drilbewegings en duidelike, voorgeskrewe bevele moet te alle tye gegee word.

VLAGVERBRANDING SEREMONIE

Soms wil 'n kommando van 'n ou vlag ontslae raak. Dan is dit gepas om die vlag tydens 'n geslote seremonie te verbrand. Die seremonie moet statig wees met die nodige gewydheid om nie die verkeerde indruk by die toeskouers te wek nie. Maak ook seker dat al die toeskouers presies weet hoekom die verbranding plaasvind.

Onthou dat dit onwettig is om 'n vlag in die openbaar te verbrand.

'n Paar belangrike aspekte om in gedagte te hou indien 'n vlagverbranding gedoen word:

- Dit is baie belangrik dat die verbranding van die vlag eenparig deur die kommandobestuur aanvaar word
- Beplan die program versigtig sodat veral die toeskouers presies weet hoekom die verbranding plaasvind
- Moet nie 'n opgerolde vlag aan die brand steek nie. Dit sal baie lank neem om uit te brand.

EREWAG

'n Erewag word opgestel om eer te betoon aan 'n persoon wat besoek aflê by 'n spesiale geleentheid of tydens 'n funksie by 'n kommando/oord/gebied.

'n Erewag word soos volg opgestel:

- Voordat die seremonie 'n aanvang neem, laat die seremonieleier die Voortrekkers in twee rye staan, gerangskik volgens lengte van lank na kort
- Die seremonieleier wys 'n merker en 'n persoon wat die tyd moet uitroep aan
- Die merker staan heel links in die voorste ry

Seremonieleier

- Die seremonieleier neem die plek in soos aangedui
- Almal *staan in rus* - posisie

Die opstel van 'n erewag moet altyd iets baie spesiaal wees en moet met die nodige eerbied en erns gedoen word. Indien julle meer inligting oor die verskillende seremonies wil oplees, kan jou span gerus die Reglemente van Die Voortrekkers aankoop waar al hierdie verskillende seremonies breedvoerig bespreek en hanteer word.

By al die bogenoemde aksies moet alle deelnemers aan die seremonie netjies opgestel word. Daar moet ook gehoor gegee word aan die voorgeskrewe drilbewegings soos uiteengesit in die reglemente vir seremonies.

Netjiese, voorgeskrewe drilbewegings en duidelike, voorgeskrewe bevele moet te alle tye gegee word.

DIE DOEL VAN PROTOKOL
Om jou as Verkenner op te lei en toe te rus om die korrekte protokol tydens funksies en seremonies te gebruik.

In hierdie deel gaan jy spesifiek aandag gee aan:
1. Protokol
2. 'n Openings- en afsluitingseremonie

Hierdie inligting moet as riglyn gesien word

PROTOKOL
Die welwillendheidreëls wat by 'n geleentheid van toepassing is (protokol), bepaal die wyse waarop eregaste na 'n funksie genooi word. Hierdie reëls is die neerslag van 'n lang beskawingsontwikkeling wat bedoel is om die verkeer tussen mense aangenaam, gesellig en beskaafd te maak. Hierdie reëls moet nagekom word wanneer gaste genooi word.

UITNODIGINGS
- Die aard van die funksie bepaal wie genooi word. Nooi offisiere van buurkommando's byvoorbeeld na kommandofunksies uit. Dit is nie gepas om van hooggeplaaste offisiere te verwag om klein funksies by te woon nie.
- Hoofdagbestuur nooi persone na nasionale funksies.
- Gebiedsdagbestuur nooi persone na gebiedsfunksies.
- Oorddagbestuur nooi persone na oordfunksies.
- Kommandodagbestuur nooi persone na kommandofunksies
- Die kommando/oord stel naburige kommando's skriftelik in kennis wanneer 'n lid van die Hoofdagbestuur of 'n Hoofbestuurslid wat in dieselfde dorp of stad woon, by 'n funksie optree.
- Alle uitnodigings geskied skriftelik en word hoflik, vriendelik en oortuigend gestel.
- Alle uitnodigings word vroegtydig gerig en daar word duidelik gestel wat van die persoon verwag word.
- Die vervoerreëlings en die finale program word ongeveer 'n maand voor die tyd gestuur sodat die persoon weet hoe en waar hy in die prentjie inpas en weet wat die verblyfreëlings is. Hy kan dan sy reisreëlings tref.
- 'n Persoonlike oproep, briefie, faks of e-pos 'n paar dae voor die betrokke datum ter bevestiging van die reëlings kan enige moontlike misverstand uit die weg ruim en spreek van bedagsaamheid.

DIE GESIN VAN 'N GENOOIDE
- Hou rekening met die genooide gas se gesin wanneer funksies beplan word.
- Nooi die gade van die gas ook uit indien dit enigsins moontlik is en behandel hom/haar dienooreenkomstig. Hy/sy word spesifiek verwelkom en as 'n persoon in eie reg behandel. Sonder iemand af om te alle tye na hom/haar om te sien en tuis te laat voel.

ONTVANGS
- Stel voor elke funksie 'n voorranglys van al die gaste op volgens die belangrikheid van elke gas in Voortrekkerverband. Dieselfde posisie word aan 'n gas en sy gade toegeken.
- Ken mans en damesoffisiere van paslike rang aan elke gastepaar toe. Hulle is dan die gasheer en gasvrou van daardie besondere paar vir die duur van die funksie.
- Wanner 'n gas van elders kom, ontvang die verantwoordelike persoon hom/haar by sy aankoms in die stad of dorp en neem hom na die plek waar huisvesting gereël is.
- 'n Voortrekkerleier woon die funksie in formele Voortrekkerdrag by, tensy vooraf anders bepaal. Indien sy/haar eggenoot/eggenote ook 'n offisier is, woon hy/sy ook sulke funksies in Voortrekkerdrag by.
- Die aankoms van 'n gas by 'n funksie is formeel en hy/sy moet deur die verantwoordelike persoon by sy/haar motor ontvang word.
- Die genooide (en sy gade) word na die terrein waar die ander hoogwaardigheidsbekleërs is, geneem,

aan hulle voorgestel en na hulle sitplekke geneem.

- Die hoofgas word op so 'n wyse verwelkom dat daar reg aan sy posisie geskied. Bekom vooraf 'n CV van die genooide gas om u te help met die bekendstelling. (CV's van Gebiedsdagbestuurslede of Hoofdagbestuurslede is gewoonlik by die Gebiedskantoor of Hoofkantoor beskikbaar.)
- Eerbiedig die voorafbepaalde tydstip waarop die gas sy toespraak moet lewer.
- Moenie hierdie geleentheid gebruik om die kommando se probleme met die gas te bespreek nie.
- Reël vooraf dat die gas en sy gade met verversings bedien word en dat hulle die geleentheid het om dit te nuttig.

ANDER REËLINGS MET PROTOKOL

Sitplekreëlings

Daar is verskeie maniere wat gebruik kan word in die plasing van eregaste en genooides by funksies wat plaasvind in 'n:

- Saal
- By etes met een lang tafel
- By etes aan tafels wat in 'n T-vorm of in 'n vierkant geplaas is

Onthaal

1. Wanneer 'n gas en sy eggenoot/eggenote by 'n hotel of by vriende of familie tuisgaan, het die instansie wat hom uitnooi nie veel verpligtinge nie. Moet hom net nie daar vergeet nie
2. Wanneer die gas saam kampeer, moet die kampleier na sy gerief omsien

Vertrek

1. Die gas vertrek, waar dit moontlik is, eerste
2. Vergesel hom/haar na sy motor of die motor wat hom na sy verblyfplek of lughawe neem

Reis- en verblyfkoste

1. Die liggaam wat die gas genooi het, is verantwoordelik vir sy/haar reis- en verblyfkoste. Vergoed hom/haar voordat hy/sy vertrek. Sit die tjek in 'n toegeplakte koevert en oorhandig dit terloops.
2. Moenie die gas vra wat die koste beloop nie, bepaal die reisafstand met genoegsame toegewing tot voordeel van die gas. Vergoed hom/haar vir die heen en terugreis teen die reistarief wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur vasgestel word. Indien die gas per vliegtuig, trein of bus reis, vergoed alle koste aangegaan vir sy reis na en vanaf die funksie.
3. Rig 'n hartlike bedankingsbrief aan die gas binne enkele dae na die byeenkoms.

Nou gaan ons kyk na protokol van die genooide gas en die opstel van 'n kontrolelys vir uitnodiging van 'n eregas.

DIE OPTREDE VAN DIE GENOOIDE GAS

- As genooide gas moet jy onmiddellik op die uitnodiging antwoord sodat die betrokke instansie betyds ander reëlings kan tref indien jy nie die uitnodiging aanneem nie.
- Die gas moet alle navrae aan hom/haar betreffende reisreëlings, datums en die verlangde taak ondubbelsinnig beantwoord.
- Nadat 'n persoon 'n uitnodiging aanvaar het, mag dit slegs afgestel word wanneer omstandighede dit onmoontlik maak. Wanneer so iets gebeur, moet die genooide die omstandighede onmiddellik en breedvoerig aan die instansie verduidelik.
- Die spreker moet hom deeglik voorberei.
- Die gasheer kan die taak van die gas baie vergemaklik. Hy kan dus byvoorbeeld beddegoed, eetgerei en 'n opvoustoel na die kamp toe saambring.
- Die gas moet te alle tye erkentlik wees.
- Dit is onder alle omstandighede noodsaaklik om op 'n waardige, natuurlike en vriendelike wyse op te tree.

KONTROLELYS VIR UITNODIGINGS

Genooide

1. Persoon en rang / posisie
2. Sluit die uitnodiging die gas se metgesel in?

Uitnodiging vanaf

1. Bestuursliggaam
2. Gebied
3. Posadres
4. Persoon in bevel: naam, telefoonnommers (huis en werk)
5. Skakelpersoon, indien nie dieselfde as by punt 4 nie: naam, telefoonnommers (huis en werk)

Soort byeenkoms

1. Aard / Doel van funksie
2. Is daar 'n onthaal daarna?
3. Heg asseblief 'n volledige program van die byeenkoms aan
4. Kleredrag

Beplanning van funksie

1. Datum
2. Tyd: aanvang en verwagte afsluiting
3. Stad / Dorp
4. Plek waar die funksie sal plaasvind
5. Watter take moet die gas verrig
6. Indien 'n toespraak: Tyd toegelaat, Onderwerp
7. Indien 'n inlywing verduidelik hoe werk die seremonie. Reël vooraf vir die teken van sertifikate.
8. Indien saluutoffisier, by watter seremonies?
9. Ken die seremonieleier die korrekte voorskrifte?
10. Indien ander funksies van die lid verwag word moet volledige besonderhede daarvan gegee word.
11. Is daar 'n luidsprekerstelsel beskikbaar?
12. Word 'n kateder vir die spreker voorsien?
13. Ander gaste: Naam en aanspreekvorm en getalle by benadering (P/D's, Verkenners, Offisiere, Heemraadslede, Voortrekkerouers en lede van die publiek)

Besonderhede

1. Volledige adres van die plek waar die funksie plaasvind. Heg 'n kaart aan indien moontlik
2. Tyd van aanmelding
3. Word daar 'n motorstaanplek gereserveer?
4. Indien ja, omskryf die plek
5. Wie ontvang die genooide?
6. Wie ontvang die metgesel?
7. Waar vind die ontvangs plaas?
8. Word 'n erewag/belyning opgestel?
9. Word die genooide direk na die gehoor geneem?
10. Ontmoet die ander gaste of eregaste voor die funksie in 'n lokaal spesifiek vir die doel afgesonder?
11. Hoe laat behoort die funksie afgehandel te wees?
12. Geskikte vertrektyd?
13. Enigiets anders wat nog onder die genooide se aandag gebring moet word?

Oorhoofse reëlings

1. Is die Adjunkgebiedsleier (Administrasie) verwittig?
2. Watter Hoofbestuurs - / Gebiedsdagbestuurslid sal teenwoordig wees?
3. Watter take moet hy verrig?
4. Is dit 'n formele geleentheid?

Reisreëlings

1. Per vliegtuig? Word die vliegtuigkaartjies aan die genooide besorg? Wie ontmoet die genooide by die lughawe of watter reisreëlings word getref?
2. Per motor? Is reëlings vir reiskoste getref?
3. Verblyfreëlings (waar van toepassing), verskaf besonderhede

OPENING EN AFSLUITINGSEREMONIE

Opening - en afsluitingseremonies vorm 'n integrale deel van Voortrekkerwees. Die standaard van 'n funksie word meestal bepaal deur die opening en afsluitingseremonie.

Deel van ons Voortrekkerwapen is die fakkel en met Voortrekkergeleenthede word die fakkel dikwels gebruik

om die gewenste effek te verkry. Die fakkel is immers vir Die Voortrekkers die simbool van die Christelike beskawing. Daar is 'n wye verskeidenheid van opening en afsluitingseremonies waar fakkels gebruik kan word. 'n Belangrike faktor by die beplanning van 'n opening en afsluitingseremonie is dat die plegtigheid 'n doel moet hê en 'n boodskap moet dra.

Vereistes

- Dit is belangrik dat inisiatief en kreatiwiteit aan die dag gelê word
- Die seremonie moet meewerk om die atmosfeer te skep
- Dit moet vooraf uitgewerk en ingeoefen word, want as die seremonie nie met erns aangepak word nie, kan dit lei tot teleurstelling
- Dialoog moet duidelik en hoorbaar wees

Vooraf reëlings

- Maak seker dat alle benodighede vir die seremonie by die plek is en in werkende toestand is
- Indien fakkels gebruik gaan word, sorg vir blussers en sorg dat 'n brandblusser / emmers water beskikbaar is
- Verantwoordelike toesig moet gehou word
- 'n Noodhulpsakkie / kissie

Voorbeeld van 'n openingseremonie:

Gebruik van fakkels

Aan weerskante van die staander tree 'n ry Voortrekkers in V-formasie aan, elk met 'n fakkel, sodat die staander in die mik van die V is. Langs die staander staan 'n fakkeldraer. Die offisier wat die fakkel gaan aansteek, vergesel van 'n fakkeldraer met begeleiers, stap dan van die wye kant van die V na die staander en halt 'n kort tree voor die staander. Die aangewese persoon wat die seremoniële fakkel moet aansteek, sal reeds 'n brandende fakkel vashou wat agter die skerms aangesteek is. (Dit is raadsaam om nie 'n seremoniële fakkel met 'n vuurhoutjie of aansteker aan te steek nie, maar 'n reeds brandende een te gebruik.) Die fakkeldraer langs die staander steek die houtjie by die lantern aan en oorhandig dit aan die aansteekoffisier. Dan neem hy die seremoniële fakkel uit die staander en hou dit sodat die offisier dit kan aansteek. Met 'n paar gepaste woorde steek die offisier dan die fakkel aan die brand, blus die aansteekhoutjie, neem dit van die fakkeldraer en maak 'n omkeer. Om die beurt steek hy dan die fakkels aan van die naaste Voortrekkers in die twee rye van die V. Die Voortrekkers steek dan mekaar se fakkels aan totdat almal se fakkels tot op die verste punt van die V brand.

Die offisier oorhandig die fakkel aan die fakkeldraer. Die fakkeldraer maak 'n omkeer, terwyl die ander fakkeldraers in die V na links en regs draai in die rigting van die staander. Terwyl die offisier stil staan, stap die fakkeldraers af, die twee rye ontmoet mekaar voor die offisier en swenk sodat hulle twee-twee langs mekaar met die seremoniële fakkel aanstap, wat intussen ook afgemarsjeer het. Indien verkies, kan al hierdie bewegings geskied op bevele soos gegee deur die offisier of saam met gepaste musiek wat deurentyd speel.

Voorbeeld van 'n afsluitingseremonie:

Na afloop van 'n funksie waar fakkels gebruik is, is dit nodig dat die fakkels weer geblus word. Waar 'n seremoniële fakkel gebruik is, kan seremonies soortgelyk aan die wat gebruik word vir die aansteek van 'n fakkel, beplan word. Dit word nie net geblus nie. Die fakkels word in die staander geplaas en dan met 'n klam lap, byvoorbeeld 'n ou handdoek of 'n blusdop geblus, met waar nodig 'n gepaste woord oor die taak wat afgehandel is.

Waar 'n groot aantal fakkels gebruik is, is dit noodsaaklik dat alle fakkels op 'n waardige wyse onopsigtelik geblus word. Dit is seker die lelikste skouspel op aarde om toe te kyk hoe Voortrekkers fakkels teen die grond doodslaan en doodtrap. Moet ook nie fakkels in 'n kampvuur sit sodat dit saam met die vuur verbrand nie.

By al die bogenoemde aksies moet alle deelnemers aan die seremonie netjies opgestel en volledig ingelig word oor alles wat van hulle verwag word. Sorg te alle tye dat die seremonie deeglik en volledig uitgewerk en beplan is en dat duidelike hoorbare opdragte te alle tye gegee word.